

DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

1994-2004

DIE FOUTLYN IN DIE EKONOMIE HET VERDER VERDIEP

Sampie Terreblanche

'n Evaluasie van die werkverrigting van die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die afgelope tien jaar, bied twee skerp teenstrydige prentjies. Die moderne sektor van die ekonomie het besonder goed gefunksioneer. Hierdie sektor is doeltreffend, tegnologies voortstuwend en globaal georiënteer. Uit 'n makro-ekonomiese en staatsfinansiële oogpunt, is die moderne sektor tans baie gesonder as in 1994. Die groeikoers van 2,7% per jaar was egter nie so hoog soos wat verwag en voorspel is nie. Terwyl 'n jaarlikse invloei van buitelandse direkte belegging gelyk aan 5% van BNP in die vooruitsig gestel is, was die werklike invloei slegs 1%.

Die boonste een-derde van die bevolking is – as eienaars, entrepreneurs en geskoolde werkers – volledig ingeskakel is by die moderne sektor. Hulle reële inkome het oor die afgelope 10 jaar met byna 15% gestyg. Hierdie 15 miljoen mense vorm die bevoorregte en stabiele middelklas. Die volgende 8 miljoen van die bevolking het toegang tot redelik goeie werkseleenthede en hulle inkome het ook marginaal gestyg.

Maar Suid-Afrika het ook 'n ander ekonomie. Dit is die informele, onontwikkelde en agtergeblewe ekonomie. Die onderste helfte van die bevolking wat in die skadu-wêreld van hierdie “tweede” ekonomie leef, leef onder die armoedelyn. Die menslike ontwikkelingsindeks van die armste 22 miljoen het oor die afgelope 10 jaar aansienlik gedaal. Hulle armoede – wat 'n restant van apartheid en die strugle is - het vererger omdat hulle aan verskeie armoedestrikke blootgestel is.

Groeiende werkloosheid is die belangrikste armoedestrik. In 1970 het 34% van die totale Afrikaanbevolking (15 miljoen) 'n vaste werkseleentheid in die moderne sektor gehad. Dit het na 20% in 1994 gedaal en na 14% van die totale Afrikaanbevolking (35 miljoen) in 2003.

Totale werkloosheid het van 20% in 1970, na 30% in 1994 en na 42% in 2003 gestyg. Indiensname in die informele sektor het van 8% in 1970, na 12% in 1994, na 16% in 2003 gestyg. Sowel stygende werkloosheid as stygende indiensname in die informele sektor het 'n meedoënlose verarmingseffek.

‘n Tweede armoedestrik is die chroniese gemeenskapsarmoede waarin sê 10 miljoen van die bevolking reeds vir geslagte leef en wat ‘n armoedementaliteit by hulle ingeburger het. Verskeie faktore verskans hierdie mentaliteit. Die belangrikste hiervan is die fisiese, morele en psigologiese verwaarlosing en mishandeling van armoedekinders, armoedevrouens en enkelmoeders.

‘n Derde armoedestrik is die selfversterkende wisselwerking tussen misdaad, geweld en aansteeklike siektes enersyds en volgehoue verarming andersyds. Aan die een kant is die armes en die werkloses meer geneig tot geweld en misdaad en meer vatbaar vir aansteeklike siektes. Aan die ander kant beskik hulle nie oor die vermoë – in die vorm van versekering, opgehoopte bates, geskooltheid, ens. – om hulle teen die ontwrigtende en verarmende effek van geweld, misdaad en aansteeklike siektes te verskans nie.

‘n Vierde armoedestrik is die ongeskooltheid van die armes wat vanweë hulle ongeskooltheid nie werk in die moderne sektor kan kry nie.

‘n Diep foutlyn loop tussen die “eerste” en die “tweede” ekonomie. Wanneer ekonome en politici hulle lofliedere aanhef oor hoe gesond en lewenskragtig die Suid-Afrikaanse ekonomie is, staan ek verstom. Hoe kan hulle lofliedere sing oor die volkshuishouding van ‘n land waarvan die helfte van die bevolking van ellende krepeer? Of, bestaan die “tweede” ekonomie en die 22 miljoen wat daarin “leef” nie in die bevoorregtes se denkwêreld nie?

Die oorsake van die foutlyn in die Suid-Afrikaanse ekonomie lê diep gewortel in Suid-Afrika se ekonomiese en politieke geskiedenis. Om die minerale revolusie en die kommersialisering van die landbousektor suksesvol van stapel te stuur, het opeenvolgende koloniale en Suid-Afrikaanse regerings – op versoek van blanke ondernemersklasse – beleidsmaatreëls geïmplimenteer wat die ekonomiese selfstandigheid van die Afrikane berekend ondermyn het om hulle teen ongunstige terme as goedkoop ongeskoolde werkers in die blanke ekonomie in te dwing.

Die politiek-ekonomiese stelsel wat van sê 1890 tot ± 1980 in swang was, was ‘n politieke stelsel van blanke politieke oorheersing en ‘n ekonomiese stelsel van rasse en koloniale kapitalisme. ‘n Nou simbiotiese verhouding het destyds tussen die blanke politieke en ekonomiese maghebbers bestaan wat saam die moderne sektor gebou het deur swartes sistemies uit te buit.

Van 1933 tot 1973 is 'n jaarlikse groeikoers van 4,5 behaal. Teen 1973 was die foutlyn in die ekonomie – met sy opvallende rasse-karakter – reeds duidelik gevestig. Die blankes (18% van die bevolking) het toe 70% van die inkome ontvang en die Afrikane (70% van die bevolking) slegs 19%. Die Kleurling en Asiërs was 12% van die bevolking en het 11% van die inkome ontvang.

Tot 1970 het die blanke werkgewers 'n onversadigbare vraag na goedkoop en gedweë Afrikaanarbeid gehad. Dramatiese politieke en ekonomiese gebeure in die 1970s het 'n radikale ommekeer in die moderne sektor bewerkstellig. Toe Afrikaanarbeiders – te midde van stakings en onluste – hulle goedkoop en gedweë karakter verloor het, het blanke werkgewers toenemend Afrikaanarbeid met kapitaal begin vervang.

Vóór 1970 is Afrikaanarbeid met omvattende maatreëls in die blanke ekonomie gedwing. Sedert 1970 verklaar die blanke werkgewers Afrikaanarbeid toenemend oorbodig. Gevolglik het die helfte van die bevolking – hoofsaaklik Afrikane – in volhoubare armoede versonke geraak.

Die groot ommeswaai wat sedert die 1970s ingetree het, het nie die foutlyn verwyder nie, maar dit verskuif én verdiep. Die foutlyn het van 1974 tot 1994 *verskuif* omdat sowat 25% van die swartes as geskoolde werkers en as entrepreneurs teen gunste terme by die moderne sektor ingeskakel is. Dit is gedoen as deel van 'n desperate poging van blankes om die apartheidsbestel aanvaarbaar in swartkringe te maak. Teen 1994 was die boonste 25% van die swartes – wie se inkome van 1974 tot 1994 met meer as 40% gestyg het – 'n middelklas-in-wording.

Van 1974 tot 1994 het die foutlyn ook *verdiep* omdat die armste 60% van die swartes se inkome met 50% gedaal het. Te midde van die bevrydingstryd, sanksies en disinvesterings, het die groeikoers van 1974 tot 1994 met slegs 1,7% per jaar gestyg en het die reële per capita inkome met 15% gedaal – of met 0,7% per jaar. In die toestand van kruipende armoede, groeiende werkloosheid en politieke onstabieliteit het die armste 60% van die swartes die swaarste gely.

In die 20 jaar van 1974 tot 1994 het die karakter van die moderne sektor verander van 'n stelsel van rasse en koloniale kapitalisme na 'n soort Eerste Wêreld kapitalistiese enklave wat vanweë sy hoë kapitaalintensiteit en sy tegnologiese moderniteit al hoe meer soos die ekonomieë van die Ryk Noorde begin lyk het en ook so geopereer het.

Die neigings van 1974 tot 1994 – nl. groter kapitaalintensiteit, groter werkloosheid, die opwaartse mobiliteit van die boonste 25% van die swartes en die afwaartse mobiliteit van die onderste 60% van die swartes – is oor die afgelope 10 jaar voortgesit deur die ANC se ekonomiese beleidsbenadering. Tydens die onderhandelinge in die vroeë 1990s is eenstemmigheid tussen die blanke ekonomiese maghebbers en die toekomstige swart politieke maghebbers bereik dat die moderne sektor nie geherstruktureer sou word nie, maar dat die swartmiddelklas-in-wording volledig en teen gunstige terme by hierdie sektor (d.w.s. die kapitalistiese enklave) ingeskakel sou word. Daar was ook eenstemmigheid dat die res van die swartes vir die afsienbare toekoms (en dit kan baie lank wees) hoofsaaklik net retories by die moderne sektor ingeskakel sou word. Dit impliseer dat ‘n materiële verbetering van die armes se lewenslot sal moet wag totdat die misterieuse “trickle-down” effek eendag sy opwagting maak.

Die beweging na kapitaalintensiteit, moderniteit en enklaviteit – wat in die 1970s begin het – is sedert 1994 kragdadig gestimuleer deur uitvoer-bevordering, globalisering, die aanvaarding deur die swartmiddelklas van die idee dat die Suid-Afrikaanse ekonomie ‘n vryemarkeconomie is (of as sodanig beskou behoort te word). Gevolglik is die stelsel van koloniale en rassekapitalisme van 1970 tans volledig omskep na ‘n *oop*, Eerste Wêreld kapitalistiese enklave wat hom toenemend distansieer van die indiensname van ongeskoolde Afrikaanarbeid, maar nogtans die entoesiastiese ideologiese ondersteuning van die veelrassige middelklas geniet.

In 1994 is die politieke stelsel in ‘n verteenwoordigende demokrasie omvorm waarin parlamentslede op ‘n proporsionele grondslag verkies word. Hierdie proporsionele stelsel verleen aan die nuwe swartmiddelklas – wat die ANC-kongresse en sy uitvoerende raad beheer – ‘n byna onaantasbare politieke magposisie. Die swartmiddelklas gebruik hulle politieke magposisies en hulle akkoord met die blanke middelklas om hulle nuutverworwe posisie van eiendom en bevoorregting te bevorder en te konsolideer. Die swartmiddelklas handhaaf – net soos hulle blanke eweknieë – ‘n tipiese rykmanskultus en ‘n robuuste vooruitgangdrang. Alhoewel hulle met lippetaal empatie toon met die sware lewenslot van die armes, spreek hulle dade gladnie daarvan nie.

Die wyse waarop die ANC sy regstellende maatreëls en sy swart ekonomiese bemagtigingsbeleid toepas, strek hoofsaaklik tot die voordeel van die boonste 10 tot 15 miljoen van die swart bevolking. Oor die afgelope 10 jaar is veel meer bronne en geleenthede vanaf blankes na die swartmiddelklas “oorgedra” as wat na die verarmde 22 miljoen swartes oorgedra is!

Die ANC-regering bestee wel aansienlik meer op die maatskaplike dienste van die armes, maar nie naastenby genoeg om te kompenseer vir die verarmende effek van die armoedestrikke nie. Meer as 40% van die bevolking het nog steeds nie “goeie” toegang tot minstens vyf van die volgende sewe dienste nie: gesondheid, energie, sanitasie, opvoeding, kommunikasie, behuising en skoon water. Die armes bly vasgevang in die aaklige driehoek van groeiende werkloosheid, ongelykheid en armoede.

Die ekonomiese en regstellende beleidsmaatreëls van die ANC het die foutlyn van die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die afgelope 10 jaar verder *verskuif* én verder *verdiep*. In 1974 was ± 20% van die bevolking deur hulle eiendom en bevoorregting in middelklas posisies verskans. Dit was omtrent al die blankes en ‘n klein swart elite. Tans is sowat 34% van die bevolking – 4 miljoen blankes en 11 miljoen swartes – deur eiendom en bevoorregting in middelklas lewenspatrone verskans. Die foutlyn het intussen ‘n opvallende klasse-karakter verkry.

Tussen die boonste een-derde van die bevolking (15 miljoen) en die ander twee derdes (30 miljoen) bestaan ‘n yslike gaping. Ons sou die onderste twee-derdes in twee klasse van 15 miljoen elk kan verdeel, nl. ‘n *werkende laerklas* en ‘n *nie-werkende “underclass”* of lumpenproletariaat.

Die boonste een-derde (d.w.s. die middelklas) ontvang 85% van die totale inkome en leef in die helderheid van die dag. Die middelste een-derde (of die werkende laerklas) ontvang ±10% van die totale inkome en leef in die skemering van die aand. Hulle is arm maar nie sorgwekkend arm nie. Die onderste een-derde (of die “underclass”) ontvang skaars ± 5% van die totale inkome. Hierdie klas leef in die donkerte van ‘n koue en oënskynlik nimmereindigende winternag, sonder werksgeleenthede en sonder toereikende sosiale sekuriteit (sien skema).

Indien die ANC-regering sy ekonomiese en sy regstellende beleid vir nog tien jaar onveranderd gaan handhaaf – en as ‘n ekonomiese groeikoers van 2,7% per jaar behaal gaan word – kan die middelklas miskien ietwat groter word. Maar terselfdertyd gaan die foutlyn verder verdiep en gaan die armoede van die onderste 50% verder vererger.

Die politiek-ekonomiese stelsel wat in 1970 in plek was, was hoog *ondoelmatig*. Dit het nie eens by benadering die belange van al die groeperinge en bevolkingsgroepe gedien – soos wat ‘n mens van ‘n doelmatige politiek-ekonomiese stelsel kan verwag nie. Sowel die politiek as die ekonomiese fasette van daardie politiek-ekonomiese stelsel het teen die swartes – wat toe 80% van die bevolking was – gediskrimineer en baie sistemies uitgebuit.

Alhoewel die huidige politiek-ekonomiese stelsel nie meer so buitengewoon ondoelmatig soos die stelsel van 1970 is nie, is die nuwe stelsel steeds ondoelmatig. Dit dien – as gevolg van die foutlyn – nog steeds nie al die groeperinge in die gemeenskap nie. Die nuwe stelsel is steeds ondoelmatig omdat sowel die politieke as die ekonomiese fasette van die stelsel die boonste eenderde sistemies bemagtig en verryk en die onderste helfte van die bevolking (22 miljoen) sistemies *uitsluit, verwaarloos* en “*ontmagtig*”.

Solank die bestaande politiek-ekonomiese stelsel – en die magsverhoudings en ideologiese orientasies waarop dit gebaseer is – onverander vir nog tien jaar in plek gaan bly, sal die stelsel *ondoelmatig* bly en sal die foutlyn verder verdiep. Dit is ‘n onrusbarende vooruitsig. Om hierdie neiging teen te werk, sal redelik ingrypende veranderinge in die struktuur van ons politiek-ekonomiese stelsel aangebring moet word.

**Suid-Afrika se hooggestratifiseerde
klasse-gemeenskap**

2004

Bevolking

